

KAPUT® 100 GEL

'n Gereed-vir-gebruik aanverfbare, sistemiese onkruidodder vir beheer van in- en uitheemse probleemplante in weidings en bewaringsgebiede



O N K R U I D D O D E R

PRODUKEIENSKAPPE:

- Beheer 'n verskeidenheid houtagtige probleemplante – inheems sowel as eksoties.
- KAPUT 100 GEL is reg om te gebruik nes dit is. Byvoeging van water, bevorderingsmiddels en kleurstof is dus onnodig.
- Toediening geskied met behulp van 'n verfkwas.
- Aanwending is akkuraat en omdat slegs die afgesaagde stomp behandel word, is daar beperkte risiko t.o.v. gewenste plantegroei. Oordosering word uitgeskakel.
- Omdat aanwending so eenvoudig is en omdat dit langwerkende kleurstof bevat, is minimale opleiding en toesig nodig.
- Bevat twee bewese aktiewe bestanddele wat bydrae tot verhoogde effektiwiteit asook 'n wyer spektrum van probleemplante wat beheer kan word.

UPL Suid Afrika
7 Sunbury Office Park, Douglas Saunders Drive,
La Lucia Ridge, 4019
Tel: +27 (0)31 514 5600 | Fax: +27 (0)31 514 5611

Vir meer inligting:

www.upl-ltd.com/za



KAPUT 100 GEL

'n Gereed-vir-gebruik aanverfbare, sistemiese onkruidodder vir beheer van in- en uitheemse probleemplante in weidings en bewaringsgebiede

GEBRUIKE (NIE geskik vir huistuin nie):

Gebruik slegs soos aangedui:

- Dien KAPUT 100 GEL d.m.v. 'n elastiese 25 - 50 mm verfkwas toe.
- Dien 'n laagie KAPUT 100 GEL van minstens 2 mm dik, direk toe aan stompe van bome wat pas afgesaag is.
- Verseker dat die hele ontblote snyvlak van die stomp – indien minder as 50 mm in deursnee – binne 10 minute na saag behandel word. Raadpleeg die verskaffer in geval waar meerderheid stomp dikker is as 50 mm deursnee.
- Oormatige saagsels moet voor die toediening van KAPUT 100 GEL verwyder word.
- Moet nie toedien nie indien reën moontlik binne 2 uur na toediening kan voorkom.
- Moenie dooie, kurkagtige boombas aan die kante van teikenstompe behandel nie.



METODE VAN WERKING:

- KAPUT 100 GEL word effektief geabsorbeer deur ontblote hout van afgesaagde boomstompe, maar kan ook deur boomwortels geabsorbeer word indien dit op die grond beland met gepaardgaande reën.
- Word afwaarts vervoer na groeipunte in die wortelstel van behandelde stompe. Wortels van behandelde bome mag by met verloop van tyd van die aktiewe bestanddele vrystel in die grond, wat soms skade kan veroorsaak aan plante wat sensitief is vir die aktiewe bestanddele in KAPUT 100 GEL.
- Behandelde stompe toon gewoonlik geen onkruidoddersimptome nie, want hergroei is minimaal indien die produk korrek toegedien is.
- KAPUT 100 GEL word aanbeveel vir beheer van sekere houtagtige probleemplante:
 - | in natuurlike- en aangeplante weidings asook bewaringsgebiede;
 - | in nie-oes gebiede soos pad- en spoorlynreserwes, onder kraggrade ens.
 - | Nie geskik vir tuine nie.

Kaput® 100 Gel bevat: Pikloram (piridienkarboksiesuur) (as kaliumsout) 50 g/kg. Triklolpir (piridienkarboksiesuur) (as tri-etielamiensout) 50 g/kg. (VERSIGTIG). Reg. Nr. L 8855 (Wet 36 van 1947). Gerigistreeur deur Arysta LifeScience South Africa.

GESAAGDE STOMPGEBANDELING	DOSIS
Muskietboom (<i>Prosopis</i> spp.), Swartwattel (<i>Acacia mearnsii</i>), Luisboom (<i>Solanum mauritianum</i>), Vaalboom (<i>Terminalia sericea</i>), Towergwharrie (<i>Euclea divinorum</i>), Mopanie (<i>Colophospemum mopane</i>), Sekelbos (<i>Dichrostachys cinerea</i>), Vaalpopulier/ Gryspopulier (<i>Populus canescens</i>), Witakasia (<i>Robinia pseudoacacia</i>), Soetpeulboom (<i>Gleditsia triacanthos</i>), Seringboom (<i>Melia azedarach</i>), Inkbessie (<i>Cestrum leavigatum</i>), Lantana (<i>Lantana camara</i>), Sandolien (<i>Dudonea angustifolia</i>), Swarthaak (<i>Acacia mellifera</i>), Port Jackson Willow (<i>Acacia saligna</i>), Vaalbos/Kanferbos (<i>Tarconanthus camporatus</i>), Soetdoring (<i>Acacia karroo</i> - net Oos-Kaap)	Bedek die hele ontblote snyvlak van pas gesaagde stompe met 'n 2 mm laag KAPUT 100 GEL oor snyvlak, met spesifieke fokus op die sg. kambium.

VIR NAVRAE, KONTAK ASSEBLIEF:

Ferdie Jordaan | ferdi.jordaan@upl-ltd.com | 083 636 7368
Mario Dreyer | mario.dreyer@upl-ltd.com | 082 801 3853



Vir meer inligting:

www.upl-ltd.com/za